

8 Augustus

Openbaring 3:7-13 (3:8)

Die deur is oop

Toe Adam en Eva geëet het van die boom van kennis van goed en kwaad het hulle die deur van die Paradys toegemaak en hulself sowel as hulle hele nageslag ewig uitgesluit. Die deur na God is toegesluit. Om 'n geslote deur oop te kry vereis krag en mag. Geen mens kan egter die geslote deur tussen ons en God oopkry nie. Die gelowiges in Filadelfia hoor die heerlike boodskap dat die geslote deur vir hulle oopgesluit is. Hulle het toegang tot God. Hulle kon self die deur nie oopsluit nie, want hulle was swak. God het vir hulle die deur oopgesluit en Hy gee die versekering dat Hy nooit weer die deur sal toesluit nie.

Hierdie is 'n heerlike boodskap vir elke gelowige wat magteloos voel en onseker is of hy ooit naby God sal kom. Hou alleen vas aan die boodskap van Jesus Christus. Bly getrou aan Hom. Toe Hy aan die kruis op Golgota gesterf het, het die voorhangsel in die tempel geskeur en die weg na God toe oopgemaak. Hy het die deur oopgemaak wat geen mens kon oopkry nie. Hy sal die deur ook nie weer vir jou toemaak nie.

Sing: Skrifberyming 43:4,5

Ds. E.J. de Beer (Laeveld)